Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10. Kaapstad, 24 Oktober 1951. Prys 3d. Nr. 47.

# NOG TWEE BRITTE LOOP WEG NA RUSLAND

**Nog twee Britse wetenskaplikes het verlede week spoorloos met hul gesinne verdwyn en bevind hulle, na vermoed word, in Rusland. Hulle is Ian Campbell en Dennis O'Connor, wat albei in die instituut vir mediese navorsing gewerk het in verband met radio-aktiwiteite.**

Van owerheidsweë word verklaar dat die twee manne nie oor geheime inligting beskik wat vir 'n ander land waardevol kan wees nie. Dieselfde is natuurlik van die twee diplomate wat 'n paar maande gelede na Rusland verdwyn het, ook gesê, maar later het dit wel geblyk dat hulle vir Stalin op daardie tydstip uiters waardevolle inligting verskaf het in verband met Britse en Amerikaanse buitelandse beleid.

In die afgelope jaar het reeds vyf Britte in verantwoordelike betrekkings na Rusland gedros. Verlede November het professor Bruna Pontecorvo, 'n wêreldberoemde deskundige op die gebied van atoomkrag en veral kosmiese strale, spoorloos uit Brittanje verdwyn, en volgens geheime inligting werk hy tans in Rusland aan nuwe atoomwapens. Vyf maande gelede het die twee amptenare van die departement van buitelandse sake, Donald Maclean en Guy Burgess, in baie bedenklike omstandighede na Rusland verdwyn. Hulle het belangrike geheime inligting met hulle saamgeneem op 'n oomblik toe Stalin presies wou weet wat die verhouding tussen Amerika en Brittanje was ten opsigte van wêreldpolitiek.

Die veiligheidsdiens vermoed dat daar 'n geheime verkeer tussen Engeland en Moskou is deur middel waarvan persone in Britse diens stilletjies kan verdwyn wanneer Stalin die woord gee.

# DUIDELIKE RIGLYNE VIR VOLKSBESTEMMING

**Die praktiese stap waarop die Grootraad voorverelede week in Bloemfontein besluit het, berus op 'n Manifes wat op 28 Junie verlede jaar deur die Uitvoerende Raad uitgereik is waarin die bestemming van ons volk in duidelike riglyne aangedui word. Aangesien dit van grondliggende belang is, plaas ons hieronder die belangrikste gedeeltes van die Manifes soos dit in Die O.B. van daardie datum verskyn het. Dit lui:**

## • *Volkome Selfstandig*

**DIE UITVOERENDE RAAD WIL BEKLEMTOON DAT DIE OSSEWABRANDWAG 'N VOLKOME SELFSTANDIGE BEWEGING IS WAT DIE REG HANDHAAF OM IN ALLE VOLKSAKE MEE TE PRAAT EN MEE TE DOEN.**

**Hoewel die Ossewabrandwag die vriendskap en samewerking van enige nasionaalgesinde politieke party verwelkom, is die beweging hoegenaamd nie gebonde aan enige politieke party nie.** Die Ossewabrandwag staan egter nie onverskillig teenoor die poginge, in belang van die volk, wat die nasionaalgesinde partye mag aanwend nie. **Inteendeel, die Ossewabrandwag sal sodanige poginge ten volle ondersteun.**

## • *Één Volk Met Één Trou*

**DIE HISTORIESE TAAK WAT IN SUID-AFRIKA VERRIG MOET WORD, IS DIE OPBOUING VAN EEN AFRIKANERVOLK MET EEN TROU. HIERDIE VOLK SAL SOWEL DIE AFRIKAANSSPREKENDE AS DIE ENGELSSPREKENDE BLANKES OMVAT EN HET AS BESTEMMING DIE VRYE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.**

Dit was hierdie ineens verhelderde visioen van 'n ou volksideaal wat die hele Afrikanervolk gedurende die Eeufeestrek in 1938 met soveel geesdrif en nuwe verwagting besiel het, en wat hom tot so 'n verbreide nasionale herlewing, eenheidstrewe en daadkrag in daardie tyd gelei het. Ons mag hierdie verwagtinge nooit ontken of verydel nie.

**Daarteenoor het die voortsetting van die historiese stryd tussen Afrikaner en Engelsman in die moderne partypolitiek hoofsaaklik drie verydelende gevolge:**

**(1) DIE STRYD IS VEREWIG:**

**Oorspronklik het die stryd die verdeeldheid laat ontstaan; teenswoordig laat die gedwonge verdeeldheid tussen regerende party en opposisieparty die stryd voortbestaan.**

**(2) DIE STRYD HET BETEKENLOOS GEWORD:**

**Geen beslissende oorwinning kan ooit behaal word nie, want die oorwinnaars wissel mekaar af soos die onderskeie partye òf regering òf opposisie is.**

**(3) DIE STRYD HET TOT REGERINGSONMAG GELEI:**

**Hoewel Suid-Afrika se besondere probleme juis 'n sterk regering vereis, is Suid-Afrika se kroniese probleem swak regering en sterk opposisie.**

## • *Volkspolitiek In 'n Partylose Staat*

**MOET DIE STRYD VIR VRYHEID OF VIR EMPIRE ALTYD ONBESLIS BLY?**

**Onder die partystelsel kan geen blywende oorwinnings behaal word nie. Meerderheidsparty en staat is een, en die meerderheidsparty hou glad nie rekening met die duurgekoopte oorwinnings van die toevallige minderheidsparty nie. Hierdie besef het gelei tot 'n begrip van die noodsaaklikheid van staatkundige hervormings en ein-**

(vervolg op bladsy 6 kolom 1)

# KOMMUNISTE HET GROOT HOUVAS OP BRITTANJE

**Die Britse volk gaan môre na die stembus om te kies tussen Sy Majesteit se regering en Sy Majesteit se opposisie. 'n Spesiale korrespondent van Die O.B. in Londen berig dat hy sterk twyfel of die uitslag van die verkiesing beslissend na die een of die ander kant sal wees. Maar wat die uitslag ook al mag wees, 'n veel ernstiger vraagstuk op die oomblik is die geweldige kommunistiese invloed in Brittanje se amptelike kringe. Van die hoogste amptenare en selfs lede van die kabinet is kommunistiesgesind en die veiligheidsdienste is so hopeloos dat almal wat wil na Moskou kan oorloop met hul sakke vol geheime. Ons korrespondent skryf:**

Die Britse politiek is verdeeld soos nog nooit in hul geskiedenis nie. Ek twyfel sterk of die uitslag van die verkiesing beslissend na een of ander kant sal wees. Wie ook al wen, die Britse ekonomie is in so 'n benarde posisie dat hulle nouliks kop bo water kan hou, en dit met al die hulp van die V.S.A. en die Empire. Die lewenskoste styg voortdurend en sal sekerlik nog styg. Die gewone man bars ook maar hier. Die trotse Brittanje kan nie glo dat hy 'n bedelaar geword het nie. Hy het vir 300 jaar koning gekraai en kan nog nie versoen raak met die idee dat hy nie meer kan sê wat gedoen moet word nie. Die Britte kan Amerika nie vergewe dat hy so sterk is en hulle so hopeloos swak nie. Hulle is so naywerig op die Amerikaners dat hulle kan stik, en tog, hulle kan nie 'n tree vooruit sonder die steun van die V.S.A. nie.

### BAIE GEVAARLIK

Daar is egter iets veel ernstiger as dit alles aan die gang. **Die Arbeidersregering staan onder die duim van die Vakbonde. Die korrupsie en kommunistiese insypeling in laasgenoemde is ontsettend. Maar nog meer: Die Britse Veiligheidsdienste is hopeloos. Proff. Nunn May, Klaus Fuchs en Pontecorvo het inligting van die allergrootste belang aan die Russe gelewer. Laasgenoemde, die vooraanstaande wetenskaplike op atoomsplitsing in die wêreld, het na Rusland oorgestap en is op die oomblik besig aan 'n projek wat, as dit slaag, seer sekerlik die oorlog oornag kan laat ontstaan. Dit word gemeen dat Herfs 1952 of begin 1953 die dooie lyn vir sy ondersoekwerk is. Stalin het hom tot dan tyd gegee.** Die Russe sal enigiets doen om oorlog tot dan te vermy.

### WATERSTOFBOM

**Die ding waarmee die Russe, behalwe die ander, besig is, is om 'n waterstofbom te bou wat met kobalt omhul is.**

**So 'n bom kan as hy omtrent 50 myl van die kuste van Engeland af ontplof word die HELE Britse Eiland in 'n oogwink vir menslike bewoning onveilig maak.**

Nog meer: Van die hoogste amptenare (en selfs in die kabinet) is kommunisties gesind. Die ontvlugting van die twee diplomate is nie sommer so nie. **Een van die ministers is 'n persoonlike vriend van Burgess (een van dié diplomate). Geeneen van die mense wat met die „veiligheid" van dié twee here Burgess en Maclean te doen gehad het, is nog oor die kole gehaal nie.**

### VRIEND VAN FUCHS

'n Wetenskaplike wat 'n huisvriend van Fuchs en sy vrou was en vir 'n jaar by hom aan huis gebly het, is nou in een van die mees geheime poste in die wêreld hier in Brittanje deur die regering aangestel. Waarheen gaan dit alles?

In die Britse staatsdiens sit 11,000 kommuniste waarvan lord Vansittart al verlede jaar in die House of Lords gewag gemaak het.

Die B.B.C. is deurweek met kommuniste. Hulle het verlede maand aan 'n sogenaamde nasionalistiese leier uit Frans-Marokko die geleentheid gegee om oor die radio 'n toespraak te hou. Die Franse is baie boos daaroor want hulle doen hul bes om dié sogenaamde nasionalistiese bende (wat eintlik op kommunistiese aanstigting optree) in bedwang te hou! Siedaar **die mense met wie ons sg. wil saamspeel.**

### MACLEAN SE SENDING

Die Britte het selfs hul bes gedoen om die Amerikaners in Korea te dwarsboom. **(Terloops, een van die hoofredes waarom Maclean moes na Rusland „oorstap" was sodat hy belangrike briefwisseling tussen Truman en 'n staatshoof in die Ooste kon uitsmokkel. Die Russe het daardie tyd die brief**

(vervolg in kolom 1)

(vervolg van kolom 4)

**baie nodig gehad en Maclean kon en het 'n afskrif in hande gekry en dit weggebring).**

Die verhouding tussen Brittanje en die ander Wes-Europese lande is alles behalwe gul; sy verhouding met die V.S.A. selfs erg koel. Die Amerikaners vertrou hom nie eens meer nie.

# Motief Agter Internering

„Dit het af en toe gebeur dat ek gevra was om die-en-daardie te interneer omdat hy 'n gevaar vir die staat was, maar nadat nadere ondersoek ingestel was, het dit uitgekom dat die klaer maar net 'n persoonlike grief teen so-en-so gehad het en graag wou hê dat hy moet weggesit word," het die administrateur van Suidwes, kol. P. I. Hoogenhout, op Tsumeb gesê toe hy gepraat het oor die moeilike oorlogsjare wat Suidwes deurgemaak het.

# NUWE INTEKENARE GEWERF

**NADAT 'n leser 'n paar weke gelede in Die O.B. 'n oproep gedoen het vir die werwing van intekenare op ons blad en self die name van drie persone gestuur het, het verskillende ander lesers ook nuwe intekenare aan ons besorg. Ons wil ons dank aan hierdie ywerige ondersteuners uitspreek, en daar ons graag in ons blad erkenning wil betuig aan sulke ywer, maar nie seker is of mense wat intekenare werf hul name in die blad vermeld wil hê nie, sal ons dit waardeer as toekomstige insenders van nuwe name sal meld indien hulle beswaar het teen publikasie van hul eie name. Vanselfsprekend word die name van die nuwe intekenare nie openbaar gemaak nie.**

**Van 'n leser in Middelburg, Transvaal, het ons twee intekenare ontvang, van 'n leser op Tuinplaats een, van 'n leser op Leeuwdoornsstad een, van 'n leser op Kroondal drie en van 'n leseres op Utrecht een. (Regstreekse intekening deur nuwe lesers self word natuurlik nie op hierdie wyse erken nie.)**

DIE O.B., WOENSDAG, 24 OKTOBER 1951

# OOP PAD NA ONS BESTEMMING

Die belangrike praktiese koers wat die Grootraad van die Ossewabrandwag op sy jongste sitting ingeslaan het — die skepping van 'n anti-partypolitieke front — is nie heeltemal uit die blou lug nie. Die wortels van hierdie koers gaan terug tot 'n U.R.-besluit verlede jaar in Junie waar die volksbewegingsgedagte op glasheldere wyse in 'n manifes uiteengesit is. In hierdie manifes is verklaar:

**Die historiese taak wat in Suid-Afrika verrig moet word, is die opbouing van een Afrikanervolk met een trou; die hooftaak wat die Afrikanervolk moet verrig, is om as leier in Afrika op te tree en toe te sien dat die vasteland van Afrika finaal verdeel word tussen wit en swart; ten einde dit alles te verkry is dit noodsaaklik dat Suid-Afrika 'n sterk regering kry deur middel van grondige hervorming van ons staatstelsel sodat die partypolitiek nie langer die stryd tussen Boer en Brit sal aanblaas, en gedwonge opposisie nie langer kragtige landsbestuur onmoontlik maak nie, en waarbinne die nasionale en ekonomiese belange van die volk behoorlik verteenwoordig sal wees.**

## STAP VIR STAP

Die stap waartoe die Ossewabrandwag nou besluit het, naamlik die sameskakeling van almal wat hulle vir die hervorming van die bestaande regeringstelsel wil beywer, ongeag verskille ten opsigte van ander sake, beteken dat ter uitvoering van die program vervat in die manifes daar nou by een enkele punt begin word van waaruit die program verder ontwikkel kan word. **Hierdie aksie beoog die bereiking van ons ideale op praktiese wyse deur die dinge waarvoor ons staan stap vir stap te verwesenlik en wel deur middel van daaglikse en opbouende arbeid. Ons begin by 'n punt waar reeds 'n meerderheid van die volk kan saamstem: die erkenning dat die partypolitiek besig is om die stryd tussen Afrikaner en Engelssprekende in Suid-Afrika te verewig en dat selfs 'n vraagstuk soos dié oor kleur, ten opsigte waarvan Natal se jingo's met die Afrikaner saamstem, hopeloos vertroebel word deur die partypolitiek, soos dr. Malan dit so skitterend verduidelik het in sy Ladysmithse toespraak.**

**Ons begin dus waar ons die sterkste is, en ons stel die strydpunte waaroor ons die skerpste verdeeld is uit tot die laaste.** En dit spreek vanself dat daar in hierdie proses reeds 'n groot mate van begrip tussen die saamwerkers sal ontwikkel, want dit is menslik dat as daar oor een belangrike saak saamgestem word, dit tot eensgesindheid op ander gebiede ook kan lei. **En omdat ons binne Suid-Afrika werk, vir Suid-Afrika, op 'n Suid-Afrikaanse grondslag en ons resultaat — die skepping van 'n eie regeringstelsel — 'n eg Suid-Afrikaanse stempel sal dra, hoef ons geen vrees te koester oor die uiteindelike bestemming nie.**

## HOEKSTEENLEGGING VAN VOLKSEENHEID

**Die Bloemfonteinse besluit sal moontlik in die geskiedenis nog erken word as die hoeksteenlegging van die Afrikanervolk met een trou waarvan daar in die manifes sprake is.**

Dit is 'n besielende taak waarvoor elke lid van die beweging en elke buitestaander wat Suid-Afrika se belange waaragtiglik op die hart dra hom met verowerende ywer aan kan toewy. **Die oomblik het aangebreek dat staatsmanskap 'n geleentheid moet kry nadat die partypolitiek vir die afgelope veertig jaar besig is om 'n hekseketel te stook met die belangrikste vraagstukke van ons land.** Groot vraagstukke word in die partypolitiek ingespan as trekdiere vir die verskillende politieke partye in plaas van dat dit op 'n breë volksgrondslag aangepak en opgelos word. **Ons het gesien hoe daar in die afgelope weke weereens 'n groot volksaak na die partypolitieke kraal aangekeer word vir partypolitieke trekwerk — die oordrag van die protektorate. Dinge waaroor die volk vir honderd persent saamstem word deur die partypolitiek verknoei tot strydpunte waaroor daar verkiesings geveg en gewen kan word. Dit beteken niks anders nie as dat die toekoms van ons jeug gespandeer word vir die behaal van kortstondige partypolitieke oorwinnings wat oor twintig jaar geen ander nawerking meer sal hê nie as om te staan as 'n monument van verwyt teen diegene wat die toekoms uitspandeer het, en teen hulle wat dit sonder protes toegelaat het.**

Daar moet 'n magtige poging aangewend word om ons volkswa gelig te kry uit die modder van partypolitieke vooroordeel en winsbejag waarbinne die rassestryd aangeblaas en gesamentlike volksoptrede in die aangesig van oorweldigende bedreigings verydel word. **Dit is 'n taak nie net van die Afrikaner nie, maar ook van die Engelssprekende en vir hierdie reddingsdaad gaan persone en groepe nou dwarsdeur die land en dwarsdeur taalverskille saamgeskakel en gemobiliseer word.**

**Staatsmanskap moet op die troon geplaas word!**

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Geluk Grootraad!*

Ek wil hierdie week die generaals en ander offisiere wat lede is van die Grootraad van die Ossewabrandwag hartlik gelukwens met die koersvaste leiding wat hulle gegee het ten aansien van die toekoms van die Ossewabrandwag.

Op die jongste Uniale Laertrek is die samestelling van die Grootraad gewysig ten einde die kommando's groter verteenwoordiging op die Raad te gee. Die Grootraad is tans soos volg saamgestel: Die voorsitter en sekretaris; die K.G. en die A.K.G.; die gebiedsleiers en die gebiedsleidsters; die hoofgeneraals en die hoofkommandantes (skakelvroue); en al die generaals van die beweging.

Ooreenkomstig hierdie samestelling is die Raad in der waarheid groot en verteenwoordigend van die hele beweging; en derhalwe in alle opsigte bevoegd om die gesagsliggaam van die Ossewabrandwag te wees.

Op 13 Oktober 1951 het die nuwe Grootraad — daar was 63 offisiere bymekaar — vir die eerste keer vergader. Die oë van al die vriende en al die vyande van die Ossewabrandwag was op daardie vergadering gevestig. Almal het gewonder watter beslissing die Grootraad sou fel. Dit ly hoegenaamd geen twyfel nie dat die beslissing van die Grootraad, enersyds, met geesdriftige gejuig begroet is deur alle lede en vriende van die O.B., en dat dit andersyds met verbystering deur die vyande van die O.B. ontvang is.

Die nuwe Grootraad het aan vriend en vyand bewys dat hy 'n selfstandige faktor is in die landspolitiek waarmee die partypolitici voortaan wel deeglik rekening sal moet hou.

### *Die Partypolitiek Gelos*

Die Grootraad het hom hoofsaaklik bepaal by duidelike leiding insake die toekoms van die Ossewabrandwag.

Daar is uitdruklik bepaal „dat die O.B. hom geheel en al onttrek aan die partypolitiek." Ek beskou dit as 'n baie verreikende besluit wat die Grootraad geneem het, want hierdie besluit kondig aan dat die Ossewabrandwag finaal en onherroeplik gebreek het met die ou partypolitieke bedeling. Dit is belangrik want 'n mens kan nie die nuwe bereik voordat jy die oue gelos het nie.

Die Ossewabrandwag het nou die oue (of die partypolitiek) gelos en daardeur is die weg gebaan na die bereiking van die nuwe (of partylose republiek).

Die Grootraad laat geen onduidelikheid oor die ideale wat die O.B. moet verwesenlik nie. Hy het dit tweekeer geformuleer. Eers soos volg: „Die republikeinse staat geskoei op die model van die tradisionele partylose republiek van Transvaal, aangepas by die bestaanslewe van die volk op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied." En by herhaling soos hieronder: „Die republiek met 'n eie Afrikaanse staatstelsel op die grondslag van volksregering in plek van die Britse partystelsel."

### *Anti-partypolitieke Front*

Dit is opvallend dat die Grootraad, nie net van die republiek praat nie, maar boweal van die inhoud van die republiek. Die Grootraad wil nie 'n republiek hê waarin die partystelsel sy vernietigingswerk sal voortsit nie. Die Grootraad wil 'n partylose republiek hê — en uit hierdie begeerte vloei die volgende logiese besluit van die Raad.

Die Grootraad het opdrag gegee aan sy leiers om 'n antipartypolitieke front te skep van persone en groepe wat bereid is om „die partystelsel te verwerp reeds vir die huidige S.A. staat."

Dit is praktiese leiding. Die partystelsel staan in die pad van die verwesenliking van enige ideaal en die oplossing van enige vraagstuk. Derhalwe vra die Grootraad dat hierdie bron van die kwaad eers vernietig moet word. Laat ons die partystelsel uitroei. Daarna kan ander ideale verwesenlik en ander probleme opgelos word.

Maar eers moet alle goedgesindes gemobiliseer word in 'n front — wat daadwerklik sal veg — om die partystelsel in die ban te doen. Dit is die Ossewabrandwag se onmiddellike aksie, nl. om die leiding te neem by die stigting van 'n anti-partypolitieke front en om in die front te veg teen die politieke partye totdat hulle verslaan is.

Dit is die taak wat die Grootraad aan die O.B., en in besonder aan sy leiers, opgedra het om uit te voer; en dit is boweal 'n taak wat die beginselstrewe van die O.B. beliggaam.

Die Grootraad het leiding en aksie aan die O.B. gegee. Laat ons ons waardering betuig deur nie net die leiding te aanvaar nie, maar deur die aksie uit te voer.

### *Vergeet Die Politieke Partye*

Een van my lesers uit Oudtshoorn — hy noem homself „Ek vra maar net" — gesels in 'n lang brief sommer oralsoor. Ek wil my leser bedank vir sy gawe wenke en vir die verfrissende manlikheid van sy vertroue in die ryke moontlikhede van die Ossewabrandwag. Ek laat hom aan die woord:

„Beste Sybrand, — Dit skyn my jou skouers sal al die woede teen die O.B. moet dra; maar moenie buk nie. Noudat die O.B. op die regte wyse die stryd gaan voer, sal hy baie gou tot sy vrooëre posisie terug wees.

„Die O.B. moet die bestaan van die politieke partye feitlik vergeet, behalwe dat elke O.B.-lid vrygelaat word om vir die Nasionale Party se kandidate te stem — tot tyd en wyl daar anti-partypolitieke kandidate benoem word.

„Ek stel voor —

„Propageer die partylose republiek, soos ons hom sien van elke verhoog en elke straathoek indien nodig; maar vergeet nie dat daar 'n groot Engelse gemeenskap is wat oor die werklike feite ingelig moet word nie.

„Publiseer ons eie gesonde ontwikkelingsbeleid op elke gebied, bv. op die gebied van die staatkunde, ekonomiese, Finansies, fabriekswese, behuising, hospitalisasie, water- en grondbewaring, paaie, inkomstebelasting, ens.

### *Belastingstelsel*

„Ons vriend — Uil — se aanmerkings oor inkomstebelasting behoort nader bestudeer te word. Ons is so lief om Engeland in alles te volg. Hulle het daar 'n ‚Purchase Tax.' Uil se voorstel het my daaraan laat dink. As dit ingevoer word sal mnr. Havenga vind dat hy nie die kleinman, d.w.s. inkomstes van onder £3,000 per jaar of vooroorlogse £1,000 per jaar, hoef te belas nie of selfs superbelasting hoër as 10s. in die pond hoef te stel nie.

„Dit sou interessant wees om te sien hoeveel uitbreiding daar sal wees op nywerheids- en boerderygebied as nyweraars en boere weet dat hulle 10s. in die pond kan oorhou van hul profyte. En hoe sal dit nie die middelklas se spandeerkrag versterk om te weet dat hulle nie 'n maand se salaris sal moet bespaar om inkomstebelasting te betaal nie.

„Vandag is die geleenthede daar om werkdadiglik iets te verrig—en sonder om die buitewêreld aanstoot te gee. Dit is ons plig om iets te doen. Maar wat doen ons? Is ons nie besig om te handel soos die man wat kla dat sy buurman nie vir sy huis sorg nie en intussen sy eie plig versuim?

### *Kontinentale Indeling Van Die Wêreld*

„In 3 Oktober se uitgawe onder die opskrif: Afrikaner moet nie op konferensiepad na Londen loop nie, het Die O.B. 'n belangriker saak aangeroer as wat hy miskien self besef.

„Die geheue van die mens is baie kort.

„Churchill praat ook vandag van 'n verenigde Europa asof dit 'n nuwe gedagte is. En Eisenhower weer van 'n Europese leër.

„Die vereniging van Europa was die groot strewe van Hitler gewees en daarom sy aanhoudende pogings om vrede met Engeland te bewerkstellig. Wat Eisenhower se Europese leër betref dink ek dadelik aan Himmler se Europese leër teen Rusland — Belge, Franse, Italianers, Spanjaarde, Duitsers, Hollanders, ens. Die deelnemers is egter later gestraf deur hul eie lande. Wat sal na die volgende oorlog gebeur? Sal Eisenhower se Europese leër ook as oorlogsmisdadigers behandel word?

„Hitler het altyd gesê die uiteindelike suksesvolle wêreldbeleid is: Amerika vir die Amerikaners: Europa met Afrika as deel van Europa vir die Europeërs; en Asië vir die Asiate. Grondstowwe moet vir elke gebied pro rata verdeel word.

### *Engelse Breek Patroon*

„Maar dit sê Engeland nie. O nee. Engeland glo dat elke statebondsland — waar hy ookal geleë mag wees — net terwille van Engeland bestaan. Engeland se beleid is dat ‚Engeland moet uitvoer om te kan leef. Duitsland ook. As een moet doodgaan moet dit nie Engeland wees nie.' Hierdie beleid was inderdaad die werklike oorsaak van die tweede wêreldoorlog teen Duitsland. En dit is in navolging van hierdie Britse beleid dat die konferensie oor grondstowwe in Londen gehou is, waarvan Die O.B. berig. En wat meer is. Die Engelse wil nou al glad — net soos Hitler gedoen het — begin uitruil binne die statebond, sodat Engeland kan leef.

„Engeland se statebonds- of Empire-beleid is die verbreking van die logiese patroon van die kontinentale indeling van die wêreld. En die beleid bots met die belange van baie volke.

„Waarom laat die regering toe dat Suid-Afrika al meer en meer geïntegreer raak in die Britse statebond? Waarom hou ons regering dan nie rekening met die begeertes van die ander lande van die wêreld nie? Sal daar dan nie ander state wees, bv. Amerika, wat vir ons sal kwaad wees as ons al ons grondstowwe, sonder inagneming van die wêreldbehoeftes, net vir die British Empire reserveer nie? Ek vra maar net."

# IERE BUIT OORLOG UIT VIR VRYHEIDSEISE

**Toe die lid van die Demokratiese Party, mnr. Fogarty, in die huis van verteenwoordigers in Washington, 'n mosie indien om die vereniging van Noord- en Suid-Ierland te bespreek en deur 'n volkstemming 'n weg te baan vir 'n vrywillige samewerking van Ierland in die Atlantiese Verbond, het die huis van verteenwoordigers dit verwerp. Die houding van die Amerikaanse huis van verteenwoordigers is onverstaanbaar, aangesien geen Amerikaanse regering dit kan waag om miljoene Amerikaners van Ierse afkoms voor die kop te stoot nie. Die Iere sal dit nooit vir Truman vergewe nie en hul wapen, die stembriefie, teen hom gebruik. En as bondgenote het hulle die Amerikaners wat van Duitse afkoms is.**

Ierland weier hardnekkig om by die Atlantiese Verbond aan te sluit so lank as wat Noord-Ierland nie 'n kans gegee word om te kies of hy aan Engeland of Ierland wil behoort nie.

Elke mens in die wêreld, of hy nou 'n demokraat of nasionalis is, sal die voorstel goedkeur, maar die „Christelike demokratiese" Engeland weier om dit te aanvaar.

Danksy sy geografiese ligging het Ierland in die Atlantiese Verbond 'n besonder, ja 'n mens kan sê, 'n groot rol te vervul. Ofskoon Amerika net in Noord-Ierland sy voorbereidings tref vir die oorlog teen Rusland, wou die Amerikaanse generale staf tog graag die hele Ierland in sy planne ingesluit hê.

Ierland is vir die Amerikaners 'n voorrade-basis vanweë sy ligging. Amerika wil in Ierland sy vliegvelde, sy werkswinkels, sy opslagplekke, sy fabrieke opbou om sy versterkings naby die front te hê en tog buite maklike bereik van die vyand.

As ons Wes-Duitsland en die Benelux-lande as die vliegtuigdraers vir die frontlinie beskou, dan is Ierland die verder afgeleë vliegtuig-moederskip.

### VIR SEE-OORLOG

In dieselfde mate wat dit vir die lugmag tel, tel dit ook vir die seemag. Van Ierland se kus kan 'n groot sektor van die Atlantiese oseaan beheer word. Ons moet onthou dat in die geval van oorlog Rusland nie alleen vliegtuie en tenks in die gevegte werp nie, maar ook 'n groot vloot duikbote (die grootste in die wêreld) en snelbote. Om die rede is Amerika en Engeland gedwing om teenmaatreëls te tref sodat die Russiese duikbote nie in die Atlantiese oseaan kan kom om die konvooi-skepe aan te val en te sink nie. Dit kan net gedoen word as Ierland sy kus tot beskikking vir die Amerikaners as basis vir duikbootjagters stel.

Waarom Amerika juis in Ierland 'n arsenaal wil opbou, is omdat, vanaf Europa gesien, Ierland 'n rand-ligging het. Van Amerika gesien lê Ierland presies in die middel van die verdedigingsboog wat die Verenigde State se militêre generale staf van Ierland oor Suid-Noorweë na Triëste trek.

### DIE REDE

Dat Engeland dit reg gekry het om Amerika aan sy kant en teen Ierland te stel, word daaraan toegeskryf dat Amerika bang is dat Engeland anders

## Deur Ski

opsetlik alles sal belemmer wat Amerika van plan is om teen Rusland te doen. Nou al belemmer Engeland Amerika se planne. Hy sluit nie by die Europese leër aan nie; hy onderwerp hom nie aan die Amerikaanse opperbevel in die Middellandse See nie. Engeland stel voorwaardes hier en daar en Engeland saboteer.

**Die wêreld is verbaas dat lande wat aan die Atlantiese Verbond behoort nie teen Engeland se sabotasie protesteer nie.**

Egipte, wat nie aan die Atlantiese Verbond behoort nie, het geprotesteer en nou het Turkye die Veiligheidsraad laat weet dat hulle liewers 'n Amerikaanse opperbevelhebber wil hê en nie 'n Engelse een nie.

### NOU TYD VIR EISE

**Maar waarom protesteer al die ander lande nie? Waarom staan die nasionale regerings nie bymekaar teen Engeland se politiek nie? Die posisie is tog so dat alle eise teen Engeland nou gestel moet word en nie ná die oorlog nie. Die land wat sy vryheid voor die oorlog nie wen nie sal dit nooit wen nie**

In dié opsig is die oud-stryder, die 71-jarige Ierse eerste minister, Eamon de Valera, vir alle vryheidsliewendes 'n voorbeeld. Met 'n wêreldwye propaganda storm hy teen Engeland. Die veldtog wat hierdie oud-stryder teen Engeland laat ontbrand het sal Engeland baie moeilikheid besorg.

Engeland probeer alles om vraagstukke soos die volkstemming in Noord-Ierland en die oordrag van die protektorate in Suid-Afrika te belemmer en tot na die oorlog tussen Wes en Oos uit te stel. Dit pas Engeland, want as die Weste die oorlog wen, sal Engeland weer op die hoë perd sit en nie gewillig wees om oor sulke vraagstukke te onderhandel nie. Wen die Ooste, dan is Engeland deur Rusland van verantwoording oor die vraagstukke onthef, maar met sy pinkrooies en halfbroers van Stalin, sal hy die kans hê om uit so 'n situasie tog nog iets te wen.

Die oombliklike politieke situasie eis van elke nasie om nou met Engeland sake te bespreek nie nie later nie.

### OP DIE LANGE BAAN

Wie dit nie weet nie ken nie die grondbeginsel van sielkunde nie en wie dit nie ken nie is nie 'n staatsman nie.

Dit was altyd Engeland se krag dat hy alle oplossings op „later" afgeskuiwe het. **Daarom het Engeland immer gewen.** „Later" het Engeland dan aan sy teenstander se eise druppel vir druppel toegegee, maar die druppels was vir die strydende te min om van te lewe en te veel om te sterwe.

Die volke van vandag het 'n goeie voorbeeld in die houding van Egipte en Persië teen Engeland asook in Ierland.

Hierdie keer het Engeland met sy „later", in die geval van Persië nie geslaag nie en in die geval van Egipte en Ierland sal dit ook so gebeur.

### KAN STRYD NIE BEKOSTIG

**Die Ierse eerste minister, De Valera, hou nie van „later" nie. As Engeland sou weier sal die revolusionêre „Sinn-fein" vir die tweede keer op die barrikade klim en om die vryheid van sy volk veg. Engeland kan in die teenswoordige tyd dit nie bekostig nie.**

Die Ierse volk het nog nie vergeet hoe barbaars die Engelse in 1711 teen die Iere opgetree het nie.

Elke Ier wat die bekentenis gemaak het dat hy 'n Ier is was in Engeland uit sy hotel, uit sy losies en uit sy werk geskop Geen Ier kon 'n amptenaar word nie. Geen Ier het voor 'n Engelse hof sy reg gekry nie. Dit het so ver gegaan dat geen Ier in 'n klooster kon opgeneem word nie.

**Engeland het die Iere nie alleen van hulle land beroof nie, maar hulle wou die Ierse volk nog boonop van hulle siele beroof.**

**Meer as sewe eeue het die Engelse die Iere onderdruk; meer as sewe eeue het Engeland haat gesaai nie alleen in Ierland nie, maar in die hele wêreld.**

### SEWE EEUE

Meer as sewe eeue het die Iere knersend die tande opmekaar gebyt en teruggeslaan waar hulle 'n kans gekry het. Die Iere het gerebelleer en is verslaan maar hulle geesdrif

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

het hulle altyd opnuut in die stryd gedryf. Hulle het gebloei en het gevlug na Amerika en elders, maar hulle gedagte was steeds: hoe kan ek my volk help?

**En die wat nie kon vlug nie het nie oorgegee nie, maar geveg tot hulle in 1922 'n oorwinning behaal het. Maar die oorwinning was nie 'n volledige oorwinning nie.** Engeland het nieteenstaande sy neerlaag tog met sy politiek van „later" 'n sukses behaal. Nog moet elke jaar 40-50,000 Iere hulle vaderland verlaat omdat Noord-Ierland nog in die hande van Engeland en van Engelse grootgrondbesitters is wat geen Ier die kans gee om 'n klein stukkie grond vir homself te koop nie.

Vir die Iere het die vraag ontstaan: sal ons nog 'n keer op die barrikade klim?

Engeland wat in 'n doodsworsteling verkeer het Amerika om hulp gevra.

**Wie sal wen?**

**Reg of onreg?**

# OUDSTRYDER STUUR BYDRAE

**Van 'n oudstryder, mnr. Jurgens Bezuidenhout, Ohrigstad, het Die O.B. £1 ontvang as sy bydrae tot die stryd vir ons ideaal. Hy skryf:**

„Ek wil aan my broers en susters en die jeug sê dat ek nie sal verslap nie, en ek wil op hulle 'n beroep doen om ook die fonds te steun. Die Herenigde Party in Lydenburg se strydfonds beloop £2,865, en al is ons almal Nat-gebore, tog is daar Nattes wat nie met ons wil saam stry vir 'n volkome vrye republiek nie.

In April 1899 het ek as Kolonialer na Transvaal gevlug om daar saam met die Boere vir vryheid en reg te veg. My ou strydmakker genl. Smuts is op Vereeniging omgekonkel en hy het sy ou mede-wapenbroers later vertel dat dit klaarpraat met ons volkie is. Maar hy het vergeet dat daar 'n regverdige Hemelse Vader is.

„Ons volk moet dink aan die toestande vandag — die kommunisme onder kaffer, Moor en Indiaan, en selfs blankes. Laat ons voortstry en mag God ons volkie se geestesoog oopmaak."

# FAKKELMANNE EN BEROEPSPOLITICI

**Hoe die Fakkelkommando byna in elke opsig die teenbeeld van die Ossewabrandwag vorm en met presies dieselfde argumente te kampe het in sy eie kring en teen die Regering van die dag, is reeds tevore in ons blad aangetoon. Die jongste voorbeeld van hierdie spieël-ooreenkoms tussen die twee organisasies is die beskuldiging dat die Fakkelkommando „amateuragtig" is. Ook hierdie beskuldiging het die O.B. uit eie kring moes verduur toe daar van sy leiers gesê is dat hulle „kinders in die politiek" is.**

Hoor hoe verdedig een van die lede die organisasie teen hierdie beskuldiging in die Cape Times: „Die Fakkelkommando is onlangs daarvan beskuldig dat hy ,amateuragtig' is. **Ja, hy is amateuragtig as hy met die maatstaf van beroepspolitici gemeet word. Sy leiers en lede is nie beroepspolitici nie—hulle is gewone ordentlike burgers wat ongerieflik bewus word van die ,ondemokratiese beskouings' van die huidige regering . . .**

„Baie van die Fakkelmanne is mense wat nog nooit vanaf 'n openbare verhoog gepraat het nie—hulle doen dit sonder politieke ambisie, maar met slegs 'n ernstige beroep op Jan Burger om wakker te word en kennis te neem van wat in die land vandag aangaan."

**Miskien was die H.N.P.-blaaie tog nie so ver verkeerd toe hulle die Fakkelkommando met die O.B. vergelyk het in omgekeerde verhouding nie en voorspel het dat die Verenigde Party-politici die Fakkelmanne uiteindelik sal moet beveg omdat hulle die beroepspolitici oorskadu met hul geesdrif en groot gehore.**

# Veldtog Teen Moord-Prentjies

'n Veldtog teen prentverhale („comics") is so pas in Engeland deur 'n kinderwelsynsvereniging van stapel gestuur. Dit neem die vorm aan van 'n reisende uitstalling waarin voorbeelde van die ontaarde kinderleesstof van die moderne tyd aan die kaak gestel word.

Daar word herinner aan die onlangse geval toe 'n seuntjie, Alan Poole, 'n konstabel vermoor het. Nadat hy self die lewe ingeskiet het, is 50 „comics" by hom gevind met aantekeninge daaruit wat ooreenstem met die metodes wat hy aangewend het om moord te pleeg.

# Fakkelmanne Se Kleurbeleid

Volgens 'n verklaring van die hoofbestuur van die Fakkelkommando sal nie-blankes toegelaat word om lede te word van die organisasie, maar daar sal afsonderlike takke vir hulle gestig word op die plekke waar hulle kan stem. In streke waar hulle nie kan stem nie sal geen lede ingeskryf of takke gestig word nie.

# V.V.O. en Suidwes

Die Suid-Afrikaanse regering en 'n spesiale komitee van die V.V.O. wat met die Unie moes onderhandel oor die toekomstige bestuur van Suidwes-Afrika, kon geen ooreenkoms bereik nie. Die komitee sal aanstaande maand in Parys verslag doen aan die Algemene Vergadering van die V.V.O. Die voorgestelde voorwaardes het onder meer ingehou dat toesig deur die V.V.O. oor die gebied gehou sal word en dat jaarliks verslag gedoen moet word deur Suid-Afrika aan die Algemene Vergadering.




Waar u ook mag wees

Kommando



—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret

61-3066-AH

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GEBOORTE

THERON.—Op 6 Oktober 'n fris seun, naamgenoot vir oupa Meeding en boetie vir Anna, Sarie en Coenie. Naas God, ons dank aan geneesheer, suster en personeel, Nuwe Kraaminrigting, Bloemfontein. — T. en J. Theron, Koffiefontein. 24/10/B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK


**Versekering teen roes en ryp** vir boere word vir die nabye toekoms in die vooruitsig gestel deur die Suid-Afrikaanse Landbou-unie. Daar word nog gewerk aan die nodige gegewens, maar sodra dit klaar is, sal dekking gewaarborg word net soos in die geval van hael.


## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

## VOORSLAG (EDMS.) BPK.

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## *Teken in op DIE O.B.!*

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye** en veg vir regering deur **vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en veg vir **'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

## *Intekenvorm*

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van....................***

***..........................vir die eerste..........................maande.***

***NAAM..........................................***

**(Naam en Adres in Blokletters)**

***POSADRES..........................................***

..........................................

..........................................

..........................................

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**


## *Ander Se Menings*

# Partystelsel Moet Verdwyn

**„Ons partystelsel moet verdwyn. Hy is nie alleen kapitalisties-demokraties nie, maar tipies Brits. Ons party sal uitgebou moet word tot 'n breë en omvattende volksbeweging en alle ander partye sal moet verdwyn. Oor die juiste vorm van 'n republiek kan ons argumenteer, maar wie oor wese 'n kompromis wil tref, pleeg verraad teenoor die nageslag, skryf mnr. J. A. Nel, snr., P.K. Grunau, in Die Suidwester.**

„'n Republiek moet 'n staat wees wat, afgesien van die toevallige samestelling van sy Volksraad, die mag besit om ons groot volksprobleme aan te pak en op te los.

„Die huidige demokrasie wat werklike seggenskap in die staat aan die groot kapitaal oorhandig het, ken nie meer die ou maatstaf van goed of kwaad nie; hy ken in die eerste plek slegs die van arm en ryk.

**GEKONSENTREERDE MAG**

„Ons groot vraagstukke, die van die arm man, van die middestand en van die boer, kan alleen deur 'n republiek opgelos word; 'n staat in wie se hande alle volkskragte, en die nasionalisering van al ons nasionale hulpbronne saamgesnoer is.

**Dit is hierdie gebrek aan gekonsentreerde mag wat die Nasionale regering van 1924 belet het om 'n blywende oplossing vir enigeen van ons groot vraagstukke te vind. Hulle moes kyk na koste i.p.v. resultate; hulle moes soek na stemme i.p.v. blywende oplossings.**

**VASGELOOP**

**„Ons beste voormanne besiel met hoë idealisme en diepe vaderlandsliefde het hulle kort na 1924 teen die klipmuur van die demokratiese stelsel vasgeloop en al hul groot planne het net so bly lê.** Staatsbeheer is die Nasionale Afrikanerdom se antwoord op die uitbuitbeleid van die groot kapitaal. Dit moet nie net die goudmynbedryf, of sleutelindustrieë en die geldwese van Suidwes en die Unie insluit nie; maar ook die 100,000de morge grond wat deur die groot maatskappye vir spekulasiedoeleindes aangehou word en wat intussen as private naturelle-gebiede 'n ergernis en gevaar vir alle blanke bure is.

„Bogenoemde kan net deur 'n republikeinse stelsel vervang word. En op hierdie punt is geen vergelyking moontlik nie. **'n Opgelapte, 'n sogenaamde verbeterde demokrasie beteken eenvoudig selfbedrog, en sal binne tien jaar die ware seggenskap weer in daardie hande wat dit so skreiend misbruik het, plaas."**

## Opleiding in Beskawingsvakke

**Daar behoort 'n paar skole in die groter stede van die Unie afgesonder te word vir opleiding in die basiese beskawingsvakke, soos klassieke en moderne vreemde tale en die basiese wetenskappe, want deur verwaarlosing van hierdie opleiding ten gunste van blote tegniese en vakkundige onderwys, is ons besig om 'n C3-volk op te bou.**

Dit is die mening wat prof. H. G. Viljoen van die Universiteit Pretoria uitgespreek het voor die Ouervereniging van Pretoria met betrekking tot die invoering van praktiese en akademiese vakke in die leerplanne van Suid-Afrikaanse skole.

**VOORUITGANG**

Weliswaar word daar vandag in Suid-Afrika van alle kante 'n geroep om meer tegnici en vakmanne gehoor, maar dit is die geval in ander lande van die wêreld ook. **Ten spyte hiervan voel die lande van Wes-Europa egter dat 'n onderlegde wetenskaplik-akademiese opvoeding van die jeug nog die groot faktor bly wat die skaal in die guns van vooruitgang swaai.**

Die rede is dat mense wat sodanig opgelei is, nie net toegang het tot die beste gelewer deur wetenskaplikes en akademici van ander lande nie, maar in die reël ook kan put uit die versamelde kennis van die verlede.

Dit wil voorkom asof ons jonger wêrelddele nie die waarde hiervan besef nie, het spreker vervolg. Terwyl 18,640 kinders verlede jaar in Transvaal van standerd ses na standerd sewe oorgegaan het, het maar 8,599 matriek bereik. Hiervan het weer kwalik 2,778 uiteindelik op universiteit gekom.

**BEGAAFDE KINDERS**

Spr. erken die nood wat daar ontstaan het met betrekking tot die doseer van praktiese vakke op skool, maar aan die ander kant word daar op verre na nie genoeg gedoen om die land se begaafde kinders op te lei nie. Dikwels word 'n arm maar briljante skolier verdoem om sy toekoms êrens in 'n minderwaardige werkie te verslyt, terwyl die nodige hulp of subsidie hom 'n geweldige bate vir die volk kon gemaak het deur die geleentheid tot verdere studie binne sy bereik te bring.

**Spreker pleit dat 'n paar skole in die groter sentra van ons land afgesonder word om te voorsien in die behoefte aan opvoeding in die basiese wetenskappe soos Matesis, natuurkunde en fisika en ook in die kultuurvakke. Ontwikkeling van gees en brein lê per slot van rekening aan die wortel van 'n maatskappy se vooruitgang, het prof. Viljoen ten slotte gesê. „Dit is veel beter om van die vakman en tegnikus 'n ontwikkelde mens te maak, as om te wil hê dat die geleerde mens niks meer as 'n ambagsman of tegnikus moet word nie.**

# VERWELKOM BESLUIT VAN GROOTRAAD

**Mnr. H. J. du Toit, Die Strand, skryf:** Ek is so bly oor die besluit wat die Grootraad van die Ossewabrandwag geneem het om die partystelsel op praktiese wyse te beveg dat ek gretig is om die stryd sommer dadelik aan te pak. Daarom skryf ek hierdie brief om al die lede van die O.B. op te roep om, sonder versuim, skouer aan die wiel te sit.

Op 13 Oktober was dit die eerste keer dat ek die sitting van die Grootraad kon bywoon en ek ag my baie gelukkig dat ek al die besprekinge kon volg en kon help om die besluite te neem.

**Ons het op die Grootraad nie net besluit dat die O.B. niks te doen het met die partypolitiek nie, maar ons het bowendien ons leiers opdrag gegee om 'n front te organiseer teen die partypolitiek. Ek dink dat die Grootraad nou die leiding gegee het waarvoor die offisiere en brandwagte van die O.B. al baie lank wag.**

**AKSIE**

Die O.B. gaan sy eie pad loop. Hy gaan bly wat hy is en altyd was. Maar die O.B. gaan met goedgesindes wat ook teen die partypolitiek is 'n front vorm om die partystelsel te vernietig want die politieke partye is die aanstokers van rassehaat en volksverdeeldheid.

**Die Grootraad se besluit beteken dat die eerste stap wat die O.B. moet doen om sy ideale te verwesenlik nou aangedui is: Daar moet 'n front geskep word wat die partystelsel sal doodmaak. En nie sal doodmaak in die republiek van die toekoms nie, maar sommer in die staat waarin ons vandag nog leef.** Dit is die eerste stap wat onmiddellik aangepak en uitgevoer kan word. Daarna sal die ander stappe gedoen word totdat al ons ideale verwesenlik is.

**Daar is nou aksie vir die O.B. Nie aksie vir môre nie, maar aksie vir vandag. Die tyd van stilsit is verby. Laat ons dadelik aan die werk spring, want die werk is vir ons aangedui.**

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

**Laat ons die front organiseer en by die eerste die beste geleentheid die politieke partye beveg.**

# Stuurlui Wat Aan Wal Staan

**Mnr. W. J. Cilliers, Wellington, skryf:**

As intekenaar en gereelde leser van die O.B. merk ek op dat daar van tyd tot tyd uittreksels van uitlatings van adv. O. Pirow gepubliseer word. As ek dit lees dink ek aan die gesegde: „Die beste stuurman staan op die wal." Ek sien die bootjie worstel met die bare, en hoor die smalende aanmerkings hier van die wal af, maar verder word niks daadwerkliks gedoen nie. Sou adv. Pirow dink dat hy met smalende aanmerkings „op die mense wat nog probeer om die staatskip te loods" die volk 'n diens bewys? Adv. Pirow is 'n man van groot bekwaamheid. Maar dan moet hy aktief wees. Nou is die vraag: Wat doen hy met die Nuwe Orde-groep sedert hy hom onttrek het aan parlementêre pligte? Daar word baie gepraat oor partypolitiek, en 'n republikeinse ideaal, maar deur smalende aanmerkings en uitlatings word niks bereik nie. Niemand is meer republikeins as ek nie. Ek het daarvoor goed en bloed feil gehad. Maar ek besef darem dat die volk nie net 'n republiek nodig het nie, daar is ander dinge ook. Ek dink nie net oor 'n republiek nie. Maar dit kom my voor of hier mense is wat net republiek skree en staan en toekyk dat ander dit moet bewerkstellig. Hoe swak

(vervolg op bladsy 5 kolom 5)

# WANTROUE IN RUSLAND SAL WÊRELDPOLITIEK BESLIS: SÊ SALAZAR

**In 'n onderhoud aan 'n verteenwoordiger van United Press het dr. Oliveira Salazar, eerste minister van Portugal, sy standpunt gestel ten opsigte van sommige aangeleenthede wat vandag vir die hele mensdom van lewensbelang is.**

**Salazar is die beroemde skepper van die Nuwe Portugal, die wonderbaarlike herrysenis van sy vaderland wat hy bewerkstellig het, het hom uitgewys as een van die mees voortreflike volksleiers van die moderne tyd. Bowendien is Salazar die regeringshoof van 'n koloniale moondheid wat op die vasteland van Afrika buurgebiede van die Unie besit.**

**Sy beskouinge is derhalwe nie alleen interessant nie, maar boweal belangrik vir Afrikaners. Die onderhoud het by wyse van vraag en antwoord geskied. Hier volg die vraag en die antwoord daarop:**

Vraag: Wat is u standpunt ten opsigte van die ernstige wêreldkrisis en van die moeilike probleme waarvoor die beskawing te staan gekom het? Onder watter omstandighede kan 'n derde wêreldoorlog vermy word?

### VERMY OORLOG

Antwoord: Dit is my mening dat nog 'n wêreldoorlog vermy moet word, of liewer, ek glo dat die uiterste pogings aangewend moet word om dit te vermy. **Die leiers wat die wêreldpolitiek bedryf en wat verantwoordelik is vir die bestaan van die volke sal tekort geskiet het indien hulle, as gevolg van gebrek aan deursig, of, omdat hulle oorhaastig is of die verkeerde koers inslaan, 'n situasie skep wat vir die mensdom noodlottig sal wees.**

Dit is nie nodig om die redes aan te stip waarom 'n nuwe wêreldoorlog vermy moet word nie: alle volke en hul leiers is bekend met die redes. Selfs diegene wat suiwer met hul verstand glo — en wens — dat 'n nuwe bedeling sal verrys uit die chaos, is met reg bang vir daardie chaos waarin die beskawing gedompel mag word. Dit verklaar die eensgesinde gevoel en betuigings in belang van vrede in die wêreld.

Om te bepaal of oorlog vermy kan word is egter 'n ander saak.

### TWEE MOONTLIKHEDE

Ons behoort glad nie te aanvaar dat oorlog onvermydelik is nie; regeerders behoort te handel asof hulle persoonlik ten volle verantwoordelik gehou mag word indien oorlog uitbreek. Dus, as dit waar is dat een moondheid oorlog kon afdwing op ander, is dit redelik om aan te neem dat dit nie sal gebeur nie, indien daardie moondheid nie volkome oortuig is dat hy deur geweld 'n bepaalde probleem kan oplos, 'n bepaalde behoefte kan bevredig, of sy mag kan uitbrei of versterk nie.

**Soos ek dit sien is daar gevolglik twee moontlikhede om oorlog te vermy. Eerstens, behoort daar onbevooroordeelde ondersoek ingestel te word na nasionale aspirasies en belangebotsings indien laasgenoemde 'n bron van internasionale wrywing is; tweedens behoort daar 'n mag opgebou te word wat die moontlikheid om deur 'n ander mag oorwin te word sal verminder of uitskakel.**

### BOTSINGS MET RUSLAND

Aangesien die westerse moondhede die opkoms van Asiatiese nasionalisme aanvaar en selfs verwelkom, moet die moontlikheid van oorlog beperk word tot 'n botsing met Rusland. In die lig van hierdie stellings ondersteun ek derhalwe die rigting wat die Westerse moondhede volg nie alleen om samesprekings met Rusland te voer nie, maar ook om die onderlinge begrip en verdediging te bevorder van die nasies, wat deur die selfstandigheid en beskawing van hul burgers, onwillig is om hulle te onderwerp aan die heerskappy van Rusland of om te buig onder die kommunistiese juk. **Ek sê dit nie omdat ek nuttige resultate verwag van die samesprekings met Rusland nie; inteendeel ek vrees dat die Westerse moondhede tydens die samesprekings met Rusland geneig sal wees om sommige van die voordele waaroor hulle beskik op te offer terwille van versoening met Rusland — wat egter nie blywend sal wees nie en bowendien nie op hierdie manier bewerkstellig kan word nie.**

### VOORBEREIDINGS

Met hierdie voorbehoud mag samesprekings gehou word; maar ek hou vol dat hierdie weg nie na blywende vrede lei nie.

**Ek is oortuig dat die internasionale posisie troebel sal bly vir die volgende twee of drie jaar — die tydperk wanneer die Westerse moondhede hoofsaaklik bedrywig sal wees met voorbereidings vir hul verdediging.** Gedurende hierdie jare sal Rusland al sy kragte inspan om die moraal te ondermyn, die bewapening te dwarsboom en verdeeldheid te saai onder die volke wat hom teenstaan. Hierdie veldtog van beloftes, kompromisse en terugkrabbelings sal waarskynlik nie die gewenste resultate oplewer nie, want dit lyk vir my asof die tyd wanneer mooi Russiese woorde nog aanvaar kan word verby is.

**Trouens, in hierdie verband, het daar in die afgelope jare 'n totale verandering van sienswyse plaasgevind. Die manier waarop vredesverdrae wat gesluit is, uitgevoer is; die koelbloedigheid van die Russiese optrede in die satellietlande, wat reeds polities en ekonomies deur Rusland opgeslurp is; die valsheid van Rusland om enersyds vriendskaplike betrekkinge met lande aan te knoop en hulle andersyds te ondermyn met behulp van inheemse kommunistiese partye — dit alles het die geloof in Rusland se goeie trou geheel en al vernietig.**

### WANTROUE IN RUSLAND

Hierdie wantroue in Rusland is die beslissendste faktor in die internasionale politiek en ek glo dat dit alle toekomstige internasionale verwikkelinge sal beinvloed. Gevolglik sal geen konferensie voortaan in staat wees om verbondsluiting en herbewapening deur die bedreigde volke te verhoed nie **en sal die kommunistiese partye hulleself nooit weer kan rehabiliteer as nasionale organisasie wat hervorming of 'n nuwe regeringstelsel bepleit nie.**

**As gevolg hiervan sal ons waarskynlik in die toekoms vind, enersyds, toenemende voorbereidings vir die verdediging van die Westerse moondhede, en andersyds, die agtereenvolgende ontbinding, vryelik of onder dwang, van die kommunistiese partye in die lande wat hul verdediging voorberei. Die lekker ou dae toe Rusland nog gebruik kon maak van mag, prestige en infiltrasie het, myns insiens, reeds verbygegaan.**

### OORLOG UITGESTEL

As ek gevra word of ons op hierdie manier nader kom aan 'n onvermydelike botsing, sê ek dat ons inteendeel verder daarvan wegdryf; want as dit heeltemal seker word dat baie volke, selfs diegene wat nog nie volledig voorberei is nie, hulle nie sonder oorlog gaan onderwerp nie, dan word die balans van die mag tussen Ooste en Weste ten gunste van die Weste gelaai en daardeur word oorlog minder waarskynlik.

**Ek is geneig om te glo dat die Russiese leiers, vir die oomblik, hul voornemens laat vaar het om Sowjet-uitbreidings na die Weste deur militêre geweld te laat geskied — en in die lig hiervan moet die amptelike uitlatings van die Russiese leiers verklaar word dat Rusland nie Engeland of Frankryk of selfs die Verenigde State bedreig nie.** Aangesien dit die geval is, is dit Rusland se onmiddellike doel om 'n streep — verkieslik 'n aaneenlopende streep — van satellietstate op sy grense onder sy politieke en ekonomiese heerskappy te bou en om oorkant

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

die streep neutrale en ongewapende gebiede te hê wat sy veiligheid sal vergroot en wat as gerieflike toekomstige afspringplekke kan dien. Hierdie Russiese doeleindes, wat ook voorgestel kan word as die voorwaardes waaronder die betrokke gebiede vrede kan verseker — en dit is 'n onrusbarende feit — het betrekking op die gebiede rondom Duitsland en Japan. Die kwaaiste gevegte op die konferensies met Rusland sal derhalwe oor hierdie gebiede gevoer moet word.

### KONFERENSIES

As hierdie gevegte deur Rusland gewen word sal die oorwinning deurslaggewender wees vir die toekoms van Europa en Asië as die oorwinning wat die afgelope wêreldoorlog beëindig het — 'n oorlog wat ongelukkig niks beslis het nie en alles deurmekaar gekrap het. Indien Rusland egter nie die konferensiegevegte wen nie sal 'n eerlike kompromis aangegaan kan word en sal 'n redelike gedragslyn deur Rusland gevolg moet word ten aansien van sy toekomstige internasionale verhoudings. Dit sal egter nie gebeur nie indien Rusland isolasie verkies, 'n gedragslyn wat moontlik die oplossing — hoewel nie 'n goeie nie — vir wêreldvrede kan wees.

## Minder Hande Beter Werk

Dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake, het voor die kongres van die Vereniging van Staatsamptenare in Ooslonden aangekondig dat hy besig is met die reorganisering van die staatsdiens ten einde dit kleiner, meer doeltreffend en geldelik meer aanloklik vir amptenare te maak.

Volgens 'n briefskrywer in die STAATSAMPTENAAR wat verklaar dat die staatsdiens sy beste kragte verloor weens swak salarisse, is die diens oorlaai met amptenare. Die getalle kan aansienlik gesnoei word indien die salarisse verbeter word, en die werk van die staat sal veel doeltreffender uitgevoer word, betoog hy.

Die minister is ongetwyfeld op die regte spoor. **Die staatsdiens het in die afgelope twaalf jaar verdubbel van ongeveer 57,000 poste voor die oorlog tot 106,900 verlede jaar.**

Maar salarisse behoort nie die enigste aansporing te wees nie. Die geleentheid moet geskep word vir beter aanmoediging van inisiatief en bekwaamheid deur 'n nuwe promosie-stelsel wat groter ywer en bekwaamheid sal beloon ook deur vinniger bevordering.

# PARTYTUG MAAK REDENAARSTALENT WAARDELOOS

**In 'n boek oor die werking van die Britse parlementêre stelsel skryf dr. Eric Taylor, 'n lid van die Britse parlementêre personeel, onder meer dat die moontlikheid om lede binne die parlement met woorde te oortuig feitlik onmoontlik geword het weens die opkoms van die partymasjiene.**

**„Dit word reeds lank erken dat met die ontwikkeling van die partymasjien dit baie moeilik, indien nie onmoontlik geword het om stemme deur middel van toesprake te laat draai.**

„Gladstone se donderende veroordelings en subtiele welsprekendheid het verhoed dat sy party skeur; Disraeli het so vurig geantwoord dat, volgens lord George Hamilton meedeel, sy kunstande eenmaal uit sy mond gespat het. **Maar dit is hoogs twyfelagtig of een van hulle ooit daarin geslaag het om deur middel van hul toesprake lede van die teenparty te oorreed om hul sweep ongehoorsaam te wees en hulle by die spreker te voeg."**

Ook die Cape Argus se parlementêre medewerker erken hierdie feit. Hy skryf:

**„Selfs getroue bewonderaars van die parlementêre stelsel twyfel in oomblikke van moedeloosheid aan die mag van die gesproke woord om stemme in die raad te bekeer. Vriende het al by my gekla dat ten spyte van al die woordryke woede van die opposisie die wil van die regering tog deurgevoer word deur die onverbiddelikheid van die partydissipline."**

(vervolg van bladsy 4 kolom 5)

die partypolitiek ook al is, dit is vandag nog al wat iets doen vir die volk en nie die stuurman op die wal nie. Ek sou meer kon sê maar is bang om te veel ruimte in beslag te neem. Aan die O.B. wil ek graag vra of dit goed is om mense te ontmoedig om by partye aan te sluit. Die Afrikaanssprekende deel van die volk is in vyf verdeel. Dit is S.A.P.—H.N.P. A.P.—O.B.—N.O. Nou word die A.P. en H.N.P. een Die N.O. bly nog apart en die leiding van die O.B.-blad is ook nog vir 'n aparte groep. Van die S.A.P. of V.P. sal ek nou liewer niks sê nie. Ek verwag van die Engelse V.P.'s meer as van die Afrikaanssprekendes onder hulle. Ek is republikeins, en ek verwelkom volkseenheid, maar ek sien nie daar kwaad in om enersdenkendes in een party bymekaar te bring nie. Laat die wat bymekaar hoort tog bymekaar kom, dit sal volkseenheid bevorder maar nie teenwerk nie. Maar as hulle nie in een party kan wees nie, sal daar ook nie volkseenheid kom nie.

(Die jongste besluit van die Grootraad in verband met die skepping van 'n nie-partypolitieke front wat hom vir staatshervormings gaan beywer, bring 'n positiewe taak vir diegene wat „op die wal staan", sonder dat hulle noodwendig die swakke pogings van die partypolitiek in die pad hoef te staan.—Red.)

## Verkiesingsbelofte

**Mnr. Winston Churchill beloof die Britse volk dat hy sowel Brittanje se ekonomiese herstel as sy herstel tot wêreld-leierskap sal bewerkstellig as sy Konserwatiewe Party op 25 Oktober verkies word om die land te regeer.**

In sy party se verkiesingsmanifes, wat hy onderteken het, het mnr. Churchill sy ryke verbeelding vrye teuels gegee. Hy verklaar dat hy nog steeds die moontlikheid sien van samewerking met 'n vriendskaplike Rusland in 'n tydperk wat vir die swoegende miljoene van die wêreld sal beteken 'n tydperk van morele en materiële vooruitgang wat die mensdom se wildste drome sal oortref.

Mnr. Churchill het beloof om 'n oorwinsbelasting te hef wat sal verhoed dat woekerwinste uit die herbewapening van Brittanje gemaak word. Hierdie belofte word beskou as 'n oulike klap vir die Arbeidersparty.

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die be- geklede klasse tel

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

# KOMMUNISTE HET V.S.A. SE BELEID BESTUUR

**By meer as een geleentheid het ons buitelandse medewerkers die invloed van kommunistiese elemente in die Amerikaanse en Britse departemente van buitelandse sake beklemtoon as 'n belangrike faktor in die beleidsbepaling van die Weste. Dat hierdie faktor inderdaad ook in belangrike kringe in Amerika gehuldig word, blyk uit kommentaar van die Amerikaanse weekblad Time in verband met die beskuldigings van senator Joe McCarthy teen die regering en die bevinding van agt Republikeinse senatore wat gehelp ondersoek instel het na die ontslag van generaal MacArthur.**

Na aanleiding van president Truman se aanval op „McCarthyisme" — dit wil sê die beskuldigings dat sekere amptenare nie betroubaar is nie — verklaar Time dat dit nie McCarthy is wat die agterdog-veldtog begin het nie, **maar dat hy „afgekom" het op 'n diepgesetelde geloof by die publiek dat kommuniste wel deurgedring het tot die Amerikaanse regering en die landsbeleid beïnvloed het tot nadeel van die volk se veiligheid. „Hierdie geloof rus op baie feite wat by die publiek bekend was nog voordat Joe McCarthy sy groot mond te Wheeling oopgemaak het."**

„Alger Hiss is twee weke tevore veroordeel, en vier dae na die hofsaak het Dean Acheson (minister van buitelandse sake) sy verklaring gedoen: 'Ek is nie van plan om my rug op Alger Hiss te draai nie.'

„Dwarsdeur die ondersoek na kommunistiese bedrywighede het Truman, Acheson en Kie die indruk geskep dat hulle meen die hele besigheid is kaf. Truman het die Hiss-saak 'n pampoenspook genoem. Tot vandag toe het nòg Truman nòg Acheson ooit verontwaardiging oor die teenwoordigheid van rooies in Washington gelug wat vergelyk kan word met Truman se verontwaardiging oor McCarthy verlede week nie.

### VUIL HUIS

**„Toe die publiek die getuienis in verband met Alger Hiss gelees het saam met ander openbarings in daardie tyd, het hulle nie gedink dat al die beskuldigings teen kommunisme kaf is nie. Hulle het 'n skoonmaak van die huis verwag — of ten minste 'n amptelike erkenning dat die huis vuil was. Truman het koppig geweier om dit toe te gee. Toe Acheson sy selfvoldane verklaring oor Hiss gemaak het, het hy die penne ingeslaan vir McCarthyisme.**

„Die beleid om voor te gee dat daar geen kommunistiese invloede bestaan het nie, kan beskryf word as Trumanisme. Dit is die eintlike vader van McCarthyisme.

„McCarthyisme sal nie gekeer word deur toesprake van Truman of deur heksejagtery van heksejagters nie, of deur bewerings dat McCarthy 'n glibberige karakter en geen heer is nie. **McCarthyisme gaan bly totdat Harry Truman, die president van die Verenigde State, die neiging in die Verenigde State se beleid om kommunisme te paai, gaan uitskakel. Hierdie neiging is die rooi nagloed van kommuniste in en rondom die regering. Dit hou McCarthyisme blink en skynend."**

### SENATORE SE OORDEEL

Hierdie kritiek van Time op die Amerikaanse regering se gepamperlang met die kommunisme word verder gerugsteun deur die verklaring van agt lede van die ondersoekkommissie na generaal MacArthur se ontslag. Die kommissie het met meerderheid van stemme besluit om geen verslag openbaar te maak nie, maar aan sy lede die vryheid te laat om hul standpunte te stel. Die agt lede het 'n ver-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

slag uitgebring waarin hulle verklaar dat MacArthur nooit militêre aanbevelings veronagsaam het nie en dat hy altyd wesenlik in ooreenstemming met die gesamentlike stafhoofde was. Sy verwydering was wettig, maar Truman se metodes was „verkeerd geadviseer" en die redes wat aangegee is, was heeltemal onvoldoende om die stap te regverdig.

Die minister van buitelandse sake, Dean Acheson, „het nie altyd die inligting wat van hom gevra is openhartig en volledig verskaf nie. Onder sy leiding was die rigting van die Amerikaanse buitelandse beleid hoofsaaklik om sekere van ons bondgenote te bevredig eerder as om die veiligheid van die Verenigde State te bevorder."

### RUSLAND BEVOORDEEL

„Die regering se Verre Oostebeleid was 'n katastrofale mislukking met uitsonderling van Japan waar MacArthur aan die hoof gestaan het . . . Dit is on**gelukkig maar waar dat die departement van buitelandse sake beïnvloed was deur 'n groep wat Asiatiese vraagstukke eerder tot voordeel van Rusland as van die Verenigde State vertolk het . . . Die waarheid omtrent die prokommunistiese departement van buitelandse sake is nog nie onthul nie.**

„Onderdrukking van die Wedemeyer-verslag (wat gepleit het vir hulp aan nasionale Sjina en 'n V.V.O.-voogdyskap oor Mantsjoerye ten einde die gebied uit kommunistiese hande te hou) was 'n tragiese fout — veral die deel wat 'n aanval op Korea voorspel het.

„Die beleid van die departement van buitelandse sake het Sjina laat oorgaan in die hande van die kommuniste. Die fabel dat Sjina geval het omdat Sjinese troepe geweier het om te veg, word weerlê deur beëdigde getuienis. Doeltreffende militêre hulp kon die kommuniste 'n nederlaag besorg het . . . Sommige Amerikaanse amptenare was dermate teen Tsjiang Kaisjek gekant dat hulle outomaties aan die kant van die Rooi bewind gestaan het. Ondersoek behoort daarna ingestel te word.

„In sy geheime direktief wat op 23 Desember 1949 uitgegee is in verband met Formosa het die departement van buitelandse sake gehelp om die weg te baan vir die uitlewering van Formosa aan die rooi Sjinese."

# Toekomsbeleid

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

**delik tot die algemene aanvaarding van die bekende Republikeinse Konsepgrondwet van 1941. Die Engelse oorwinnings van 1939 en 1943 het doodgeloop in die Afrikaneroorwinning van 1948. Maar moet hierdie oorwinning ook doodloop in 'n volgende of daaropvolgende neerlaag? DIE O.B. SÊ NEE.**

**Die stryd moet beslis word, en wel ten gunste van vryheid en die beslissing moet vasgelê word in die partylose Republiek van Suid-Afrika.**

### • *Volksregering*

**MOET SUID-AFRIKA ALTYD AAN DIE KRONIESE KWAAL VAN SWAK REGERING LY?**

**Die O.B. sê nee.**

Die Ossewabrandwag bepleit gesamentlike volksregering instede van partyregering wat voortdurend verswak word deur gedwonge opposisie. Hierdie noodsaaklike hervormings moet teweeggebring word sonder vrees vir gevestigde belange. Die Ossewabrandwag wil skeiding maak tussen die uitvoerende en die wetgewende gesag. **Die volk moet 'n President kies wat sy ministers sal aanstel uit die volk se bekwaamste manne en wat vir 'n bepaalde tydperk met gesag sal regeer. Hy sal bygestaan word deur 'n Volksraad van volksverteenwoordigers (nie partyverteenwoordigers n i e) w a t waarlik vry is (sonder die tirannie van die partykoukus), en deur 'n Gemeenskapsraad van beroeps- en bedryfsverteenwoordigers.**

### • *Leierskap In Afrika*

**DIE HOOFTAAK WAT DIE AFRIKANERVOLK MOET VERRIG, IS ONGETWYFELD OM AS LEIER IN AFRIKA OP TE TREE.**

Die Afrikaanse Vasteland staan op die drempel van 'n bloeitydperk van grootskaalse ontwikkeling. Afrika het nuwe strategiese betekenis gekry, want sy ooskus het die grens geword tussen die Weste en die Ooste. Afrika het tewens nuwe ekonomiese betekenis gekry, want aangesien Europa sy „spens" van Rusland verloor het, is hy nou aangewese op Afrika vir voedselvoorrade. **Dit alles gaan verreikende gevolge hê. Daarom is dit lewensbelangrik vir Suid-Afrika om voortaan 'n toonaangewende rol in Afrika te speel. Suid-Afrika kan dus nie in die Britse Statebond afgesonderd bly staan nie, maar hy moet hom vryelik kan beweeg in die kring van westerse volke, in vriendskap met almal maar in besonder met die belanghebbende moondhede in Afrika. Suid-Afrika se natuurlike bondgenote is immers sy buurstate in Afrika.**

Suid-Afrika moet sy vryheid neem en dit gebruik om die blanke beskawing in Suid-Afrika te vestig deur die blanke beskawing op die vasteland van Afrika te help vestig. **Suid-Afrika moet van die geleentheid gebruik maak om die vasteland van Afrika eens en vir altyd in blanke en nie-blanke gebiede verdeel te kry.**

**Suid-Afrika se buitelandse beleid moet derhalwe afstuur op republiekwording en op die verkryging van die internasionale aanvaarding van die beginsel van totale vertikale apartheid in Afrika tussen wit en swart — sonder inkorting van die ontwikkelingsmoontlikhede van enigeen.**

### • *Ekonomiese Verteenwoordiging*

**DIT IS DIE REG VAN ELKE LID VAN DIE AFRIKANERVOLK OM VRY EN WELVAREND, KOMMERLOOS EN GELUKKIG IN SY VADERLAND TE LEWE.**

Vir jare reeds is dit ongelukkig nie die geval nie. Duisende Afrikaners het die slagoffers geword van die hoë lewenskoste. En hoewel dit die geval is, is daar geen enkele bestuurlike liggaam in Suid-Afrika wat belas is met die versorging van die ekonomiese behoeftes van die volk nie. In die dae toe ons vaders in Europa geen politieke vryheid gehad het nie, het hulle aangedring op politieke verteenwoordiging in die landsbestuur. Vandag wanneer daar geen ekonomiese vryheid bestaan nie, dring die Ossewabrandwag aan op ekonomiese verteenwoordiging in die landsbestuur.

Dit kan so maklik geskied. Die Senaat het in der waarheid oorbodig geword. Laat hom nou gerus verdwyn en skep in sy plek 'n Gemeenskapsraad van beroeps- en bedryfsverteenwoordigers waar die ekonomiese belange van die volk versorg sal word.

### • *Die Ossewabrandwag Se Posisie*

**DIE UITVOERENDE RAAD WIL ONOMWONDE VERKLAAR DAT VOORNOEMDE DOELSTELLINGS NIE VERWESENLIK KAN WORD DEUR 'N UITSLUITENDE POLITIEKE PARTY NIE HULLE KAN ALLEEN BEREIK WORD DEUR 'N INSLUITENDE VOLKSBEWEGING.**

Daarom streef die Ossewabrandwag openlik daarna om sodanige volksbeweging te verwek. En daarby pleit die Ossewabrandwag steeds vir samewerking by verwante organisasies, sodat hierdie doelstellings deur die samewerkendes—as insluitende volksbeweging — verwesenlik kan word.

Tot sover die Manifes van 28 Junie 1950.

Tans word die praktiese stappe gedoen om bostaande hervormingsprogram ten uitvoer te bring deur die skepping van 'n federale staathervormingsbeweging.

# S.A. Neem Sorg Oor Van Nog 'n Britse Skip

**Die Regering het nog 'n Britse skip aangekoop. Dit is die torporedojaer, Whelp, een van die vier Britse susterskepe in die Britse vlootbasis, Simonstad.**

**Verlede jaar in Maart het die Regering die eerste van die vier susterskepe aangekoop, naamlik die Wessex, wat toe die Jan van Riebeeck geword het. Die Regering het vir die Wessex 'n bedrag van ongeveer £500,000 betaal en vir die Whelp glo £250,000.**

**Daar bly nog twee van die vier susterskepe oor. Volgens koerantberigte lê die Whelp reeds sedert 1947 in Simonstad weggebêre „vir bewaring teen bederf."**

In verband met hierdie aangeleentheid het mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B., in 'n toespraak wat in Die O.B. van 8 Augustus 1951 verskyn het, verklaar:

Ons hoor ook deesdae dat die minister van verdediging besig is om vir Suid-Afrika 'n eie vloot op te bou. **Dit blyk dat Brittanje nie kan bekostig om al sy skepe op see te hou nie, en dat hy verplig is om sommige in tuishawens op versterkwater te hou — tot verswakking van die Britse vloot.** Weer tree lojale Suid-Afrika in die bresse. **Die minister van verdediging koop die Britse skip, betaal kontant daarvoor en betaal tewens om die skip op die see te hou, en as Brittanje oorlog maak is die skip deel van sy vloot!** Hierdie hulpverlening verhoed dat die Statebondsvloot verswak. In die praktyk beteken dit dat die Britse vloot sy sterkte handhaaf op koste van die Suid-Afrikaanse belastingbetaler. Enige Sapregering sou trots gewees het op sodanige lojale hulpverlening aan Brittanje.

### LOS VAN BRITSE VLOOT

En op 15 Augustus 1951 het Die O.B. geskryf:

**Tensy Suid-Afrika buitekant die Britse Statebond staan sodat hy sonder oorwegings van koninklike of groepslojaliteit kan besluit wanneer en vir wie hy wil veg, is 'n eie Suid-Afrikaanse vloot en vlootbasis eerder 'n nadeel as 'n voordeel. Solank Suid-Afrika deel van die Britse Statebond uitmaak en derhalwe deelneem aan Britse oorloë, is die Suid-Afrikaanse vloot 'n deel van die Britse vloot wat op koste van die Suid-Afrikaanse belastingbetaler in stand gehou word, en dieselfde geld vir Simonstad.**

**'n Eie vloot en eie vlootbasis kry alleen betekenis wanneer Suid-Afrika staatkundig en militêr 'n vrye republiek is in teenstelling met sy „uitgeboude soewereine onafhanklikheid" binne die Britse Empire.**

## S.A. Bly Lid Van Britse „Klub"

**„Ons is 'n lid van die Statebond en ons het geen plan om ons lidmaatskap van die klub op te sê solank dit in belang van Suid-Afrika is nie," het dr. T. E. Dönges, minister van binnelandse sake, op Kingwilliamstown gesê, en daaraan toegevoeg:**

**„Met die oog op die wêreldtoestand sien ons geen rede waarom ons sal uittree nie."**

## Partypolitiek En Onderwys

Omdat hulle die Afrikaanse kind in die skole wil versap, is die provinsiale raad van Natal nie bereid om die beginsel van moedertaalonderwys in te voer en afsonderlike skole vir die Afrikaanse kinders te bou nie, het mnr. D. J. Potgieter, L.P.R. op die H.N.P.-kongres op Ladysmith gesê.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.